HILLCREST HIGH SCHOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2018

EKSAMEN

GRAAD 10

PUNTE : 70

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings :

   AFDELING A: KORTVERHALE **(35)**

   AFDELING B: GEDIGTE **(35)**

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A: KORTVERHALE**

**Lees die uittreksels deur en beantwoord die vrae. Beantwoord AL die vrae.**

**VRAAG 1: Groete uit Alaska (Nelia Engelbrecht)**



***Lomé kliek met haar muis in die hoek van die rekenaarskerm om die internetbankdiensprogram toe te maak. Sy leun agteroor en vat haar vrag rooi hare in haar nek saam.***
***Vandag, op haar agtiende verjaardag, het sy die laaste duisend rand uit haar pa se bankrekening na haar eie oorgeplaas. 'n Mens kan maar sê dis 'n verjaardagpresent van haar ouers aan haar.***
***Ook maar goed sy het altyd gesit en kyk hoe haar pa sy banksake op die rekenaar doen. Nou ken sy haar pa se wagwoord en kan sy die huis se finansies maklik hanteer.***
***Handtekeninge is net nou en dan nodig en dis ook nie moeilik nie. Sy maak al van laerskool af mense se handtekeninge na. Deur die jare het sy dikwels vir haarself doktersbriewe geskryf, en toetse en rapporte namens haar ouers onderteken. Hulle het geweet en nie omgegee nie. Met dié dat hulle so dikwels oorsee was om kunsveilings by te woon, het dit hulle gepas.***

1.1. Pas die stelling in KOLOM A by die woorde in KOLOM B. Skryf net die nommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.1.1. Sy het toé al bedrog gepleeg | A. Kunstenaars |
| 1.1.2. Haar ouers was meer daar as tuis | B. Kunsveilings |
| 1.1.3. Haar ouers se beroep | C. Primêre skool |
| | D. Oorsese vakansies |

3

1.2. Die volgende stelling is ONWAAR. Gee 'n rede om jou antwoord te bewys.

**Lomé se ouers het die geld in haar bankrekening inbetaal.** 1

1.3. Noem TWEE dinge wat Lomé met die geld wat sy uit haar pa se rekening geneem het in (Vraag 1.2) gedoen het. 2

1.4. Wat het dit vir haar so maklik gemaak om die huis se finansies so maklik te hanteer? 1

1.5. Wie het gesorg dat hierdie familie so baie geld gekry het? 1

1.6. Gee EEN rede waarom Lomé so 'n groot erfporsie gekry het. 1

1.7. Waarom het die spyseniers kos gebring? 1

1.8.1. Waar is Lomé se ouers? 1

1.8.2. Waarmee het Lomé haar ouers vergiftig? 1

1.8.3. Hoe het sy hulle in die vrieskaste gekry? 1

1.9 Waarom is die plek wat Lomé gekies het om te sê waar haar ouers was, so paslik? 1

1.10. Wat is die tema van hierdie verhaal? 1

**[15]**

**<u>VRAAG 2</u>: <u>Boereworsresep</u> (Bez Bezuidenhout)**




***Sy het 'n lang, maer kakebeen – prominent soos 'n stompie elmboog – die oë sit diep en donker in die oogkaste versonke en haar grys hare lê plat na agter in 'n bolla vasgebind. Hy lig die leë petrolkan in sy hand omhoog sodat sy dit kan sien.***

***"Jammer om te pla mevrou, Lategan is die van. My motor het sonder petrol gaan staan en toe sien ek die huis se lig. Kan u my dalk met 'n paar liter help?" Sy het 'n swart rok aan maar dit is vol meelvlekke. Hy raai dat dit van broodbak afkomstig moet wees. Daar is egter iets anders aan haar wat bedompig ruik.***
***"'Ons het nie petrol nie. Net diesel. Alles werk met diesel. Ook die kar." Sy staan terug. "Jy beter inkom. Sus het die honde gaan oopmaak en as hulle om die hoek kom, verskeur hulle jou."***

2.1.1. Waarheen is Kobus op pad? 1

2.1.2. Watter soort werk doen Kobus? 1

2.1.3. Waar woon sy suster? 1

2.1.4. Waaraan het Kobus so heerlik in die eetkamer gesmul? 1

**Die susters gebruik net petrol op die plaas.**

2.2. Die bogenoemde stelling is ONWAAR. Gee 'n rede om dit te bewys. 1

2.3. Gee 'n rede waarom Kobus op die plaas moes oorslaap. 1

2.4 Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan net die nommer en letter neer as antwoord.

**Die twee susters het ________ boerewors gemaak.**

A. van Kobus se kat
B. van mev. Siebert se binnebeen
C. van die varke
D. van die honde 1

2.5. Skryf die volgende sinne oor in die korrekte volgorde soos dit in die storie gebeur.

* Kobus stoot vir Sus deur die plafon
* Kobus help vir Grietjie om boerewors te maak
* Kobus sien drie manskoppe aan aan 'n vleishaak
* Kobus skrik in die nag wakker want hy is dors 4

2.6. Watter soort honde was daar op die plaas? 1

2.7. Noem een ding wat die susters vir Kobus gegee het toe hy gaan slaap? 1

2.8. Wat het Kobus later omtrent sy melkdrankie uitgevind? 1

2.9. Wat het Kobus in die susters se kluis gesien? 1

**[15]**



**VRAAG 3:** **Erik se T-hemp** **(Marisa Haasbroek)**



***Ek kry maklik plek omdat ek alleen is: daar is mos altyd een-een sitplekke oop. Iemand speel orrelmusiek soos in die kerk. Die mense praat ook net so saggies soos in die kerk. Ek soek Erik se naam in die program, kry hom daar tussen die G's. Ek soek hom tussen die rye en rye studente; ek kry hom omdat hy van agter net soos sy pa lyk. Ek sluk aan 'n knop in my keel.***

***Almal staan op toe 'n lang ry professore van agter ingestap kom. Net twee van hulle loop tot op die verhoog. Die studente beweeg soos 'n lang ry miertjies teen die sytrap op, verdwyn agter die gordyne en kom een-een uitgestap soos hul name geroep word. Hulle gaan staan eers tot die fotograaf se flits geflits het en stap dan na die man wat hul name uitgeroep het. Elkeen kry 'n rolletjie papier. Daar is baie studente wat B.Com-grade kry. As die professor "cum laude" na die naam sê, klap die mense 'n bietjie harder.***

***Toe die G's begin voel ek my maag draai. Sê nou Erik val of iets?***

***"Erik Grové!" roep die professor. Erik wag vir die foto se neem, stap dan verder. Toe gaan staan hy in die middel van die verhoog en ruk sy toga oop.***

3.1. **Erik en sy ma baklei nooit nie.**

Stem jy saam met bogenoemde stelling? Sê JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. 1

3.2. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter as antwoord neer.

**Die funksie waarheen Erik en sy ma gaan, is:**

A. 'n skoolkonsert.
B. 'n diplomaplegtigheid.
C. 'n groentjiekonsert.
D. 'n gradeplegtigheid. 1

3.3. Kies die antwoord wat NIE KORREK IS NIE. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

**Erik se pa:**

A. het nie in Erik en sy ma belanggestel nie.
B. het vir sy studies betaal.
C. het nie na die gradeplegtigheid gegaan nie.
D. was nooit deel van sy lewe nie 1

D. was nooit deel van sy lewe nie 1

3.4 Pas die woorde in KOLOM B by die stelling in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.4.1 Erik se graad | A. Gehuil |
| 3.4.2 Wat sy ma vir die tuisnywerheid gebak het. | B. Opgestaan en hande geklap |
| 3.4.3 Al die mense het só op Erik se T-hemp gereageer. | C. Koeksisters |
| | D B.Com |

3

3.5 . Op watter ouderdom het Erik se pa hulle verlaat? 1

3.6. Noem TWEE dinge wat Erik op hierdie ouderdom gedoen het wat sy ma baie geïrriteer het. 2

3.7. Wat wou Erik se ma hê moes hy onder sy toga dra? 1

3.8. Haal **agt opeenvolgende woorde** aan wat beskryf hoe Erik se ma geweet het waar hy in die saal gesit het? 1

3.9. Watter werk het Erik se ma gedoen? 1

3.10.1. Wat was op Erik se T-hemp geskryf? 1

3.10.2. Waarvoor het Erik vir sy ma dankie gesê? 1

3.10.3. Hoe, dink jy, het Erik se ma gevoel? 1

**[15]**

**<u>VRAAG 4</u>: <u>Verkeerdelik Aangekla</u> (E. Evans)**



***Lynn se hart klop woes. Durf sy dit doen? Die assistent sien haar huiwer en vra in 'n verveelde stemtoon: "Wil jy jy 'n hanger hê?" Om eerlik te wees wil sy nie eens die simpel bloese hê wat die meisie pas in 'n plastieksak geprop het nie. Alles verskil so van die toekoms wat sy vir haarself voorgestel het toe sy op universiteit was. Hier is sy, wanhopig aan die soek na werk. Dit lyk asof 'n graad net tot 'n voornaam-verhouding met die Social Security-klerk gelei het. En nou om haar probleme te vererger, het Lynn se woonstelmaat, Fran, die enigste bloese wat sy vir onderhoude het, saam met 'n paar rooi sokkies gewas. Lynn wens sy kan dit met iets stylvol vervang. Maar pleks daarvan, moes sy met 'n poliësterbloese op 'n uitverkoping tevrede wees, omdat dit al is wat sy kon bekostig. Tot nou ...***

**Lynn was doodbang toe sy by die winkel uitgeloop het.**

4.1. Die bogenoemde stelling is WAAR. Gee 'n rede vir jou antwoord deur een sin aan te haal. 1

4.2. Waarom moes Lynn hierdie bloese by die winkel koop? 2

4.3. Hoeveel keer het Lynn geoefen om die handtekening na te boots? 1

4.4. Noem DRIE dinge wat Lynn eerste op die kredietkaart gekoop het. 3

4.5 Beskryf die geskenk wat Lynn vir haar ouma gekoop het. 1

4.6. Behalwe haar ouma se geskenk, noem EEN ander ding waarvoor Lynn die kredietkaart gebruik het. 1

4.7. Watter brief het Lynn laat besef dat sy nie nodig gehad het om die kredietkaart te gebruik nie. 1

4.8. Waarvan is mev. Doland aangekla? 1

4.9 Wat was mev. Doland se nooiensvan? ( net van) 1

4.10. Hoekom sal mev. Doland onskuldig bevind kan word? 1

4.11. Wat noem ons die persoon wat mev. Doland die huis sien verlaat het? 1

4.12. Vul die weggelate woord in:

**Lynn het vir mev. Doland die perfekte _______ gegee.** **1**

**[15]**

**VRAAG 5 : Filmstudie : Ouma se slim kind**



5.1. Pas die woorde in KOLOM B by die stelling in KOLOM A. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.1.1. Help vir Ouma op die plaas | A. Klaradyn |
| 5.1.2. Die persoon wat Kareltjie op skool help | B. Kareltjie |
| 5.1.3. Hy wou Ouma se huis afbrand | C. Gerhardus Slabbert |
| 5.1.4. Speel 'n traporrel | D. Fan-Jan |
| 5.1.5. "Stook" sy eie sielmedisyne | E. Steyn |
| | F Ouma |

**[5]**



**TOTAAL AFDELING A: [ 65] VERWERK NA: [35]**

6.5. Haal 'n WOORD uit strofe 1 aan wat dieselfde as"kleurvol" beteken. 1

6.6. Noem TWEE natuur elemente wat in die gedig gebruik word. 2

6.7. Waarom wil die spreker haar sestien vries? 1
**[10]**

**<u>Vraag 7: Jy mag maar (Hester Heese)</u>**

Jy mag maar jou koffie slurp
of in die piering gooi.
Jy mag met vuil voete
uit die komposhoop
oor ons wit mat loop.
Jy mag jou naels byt
vals sing
swak groente huis toe bring
die badkamer omkrap
die nat vloer opdroog met my waslap.
Skakel maar die radio aan
om ses in die môre
en luister hoe hulle brabbel
oor veevrektes
aartappelroes
inseminasie.
Jy mag maar snags hard snork
oor koue voete brom

as jy net terug kan kom.



7.1. Wat het die man gedoen as sy koffie te warm was? Haal TWEE versreëls as jou antwoord aan. 2

**Die man het respek vir sy vrou gehad.**

7.2. Stem jy saam met die bogenoemde stelling? Sế JA of NEE.
Bewys jou antwoord deur DRIE versreëls aan te haal 1

7.3. Haal DRIE opeenvolgende woorde aan wat vir jou sê watter werk die man moontlik gedoen het . 3

7.4 Watter WOORD sê vir jou dat die man nie gelukkig oor koue voete was nie? 1

7.5.1. Hoe laat het die man altyd na die radio geluister? 1

7.5.2. Hoekom het die vrou nie daarvan gehou nie? 1

7.6. Watter les kan jy uit die gedig leer? 1

**[10]**

**Vraag 8: Klara Majola (D.J.Opperman)**

**Klara Majola: Gebore 14.6.1942. Gesterf: 26.7.1950**




Klara Majola wou haar vader
toe die skemer sak, gaan haal
waar hy, die blinde, hout vergader;
maar Klara Majola het verdwaal.

Klein Klara Majola lê verkluim
in die Bokkeveld se bros kapok,
haar arms en bene bruin
en kromgetrek soos wingerdstok

Klara Majola, die koue geweld
sif stadiger oor my uit die ruim,
maar nooit sal ek in die Bokkeveld
so warm, Klara Majola, soos jy verkluim.

D.J. Opperman

8.1. Gee EEN feit oor Klara Majola. 1

8.2. Waar in Suid-Afrika het hierdie insident plaasgevind? Gee EEN woord as antwoord. 1

8.3. Watter WOORD sê vir jou dat Klara se pa kon nie goed kon sien nie? 1

8.4 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.4.1. "haar arms en bene kromgetrek soos wingerdstok" | A Alliterasie |
| 8.4.2. " Toe die skemer sak, gaan haal" | B. Kwatryn |
| 8.4.3. " sif stadiger oor my uit die ruim" | C. Vergelyking |
| 8.4.4. vier versreëls | D. Assonansie |
| | E Tersine |

4

8.5. Kies die korrekte antwoord . Skryf net die nommer en letter neer.

Die rymskema in hierdie gedig word _____ genoem?

A paarrym
B. kruisrym
C. vrye vers
D. omarmende rym 1

8.6 Waarom, dink jy, het Klara verdwaal? 1

8.7. Watter WOORD in strofe 2 sê vir jou hoe Klara Majola gesterf het. 1

**Vraag 9: Omdat (Antjie Krog)** **[10]**


## Omdat

(Antjie Krog)

My maer hande steek vir jou 'n kers aan
omdat jy my maat geword het
toe ek na 'n kwartaal
nog somber alleen tussen die ander sit,
omdat jy my pouses uit die
biblioteek kom haal
om saam liedjies te sing in die saal,
omdat jy my maat bly
t.s.v. my skilferhemp en nylontrui
omdat jy lief vir my geword het
en my selfs vashou teen jou bors
t.s.v. my dimpelbene en die
ryp puisies wat op my wange kors.



My kers brand
omdat jy kaalvoet saam met my
deur die dorp loop
en wag as ek iets in 'n
supermark koop
omdat jy pouses vir my brood gee,
smiddae vir my wiskunde verduidelik
en soms oor my skoon hare vee



omdat jy my maat is en so daarin berus
al skinder almal oor jy 'n seun
en ek 'n meisie is

omdat jy verstaan as ek weg van jou kring
en agter die gordyne kruip
as jy operette sing.

Kyk hoe bewe my kers nou
Hy sê dankie en hy bid vir jou.

9.1 Waarom steek die meisie 'n kers aan? ( jou eie woorde) 1

9.2 Waar het die meisie pouses gesit? ( net die plek) 1

**"omdat jy my maat geword het"**

9.3. Noem die beeldspraak wat hier voorkom. 1

9.4 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

***Die meisie se maat gee nie om dat sy 'n ou __9.4.1__ en 9.4.2.__ dra nie en wys dat hy 9.4.3__ is vir haar deur haar teen sy lyf vas te hou. Hy gee nie om dat sy vet is en 9.4.4__ het en op haar wange 9.4.5 het nie.*** ***5***

9.5 **Die seun bring vir die meisie toebroodjies om te eet.**

Stem jy saam met die stelling? Sê JA of NEE en haal EEN versreël aan om jou antwoord te bewys. 1

9.6. Met watter skoolvak het die meisie gesukkel? 1

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: [40] VERWERK NA: [35]**

**GROOTTOTAAL:[70]**